

5 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 4:1-11
Fokusgedeelte: Matteus 4:4, 7, 10

“Daar staan geskrywe ...”

As daar een waarheid is wat ons nooit mag vergeet nie, dan is dit die gesag en die krag van die Bybel. Die Bybel lê die vaste beginsels neer vir ons hele lewe en is nie 'n handboek wat 'n kitsantwoord gee vir elke gebeurlikheid nie. Die wêreld het 'n behoefte om hierdie uitsprake te hoor en dit is belangrik dat die kerk in die prediking en in sy uitsprake – ook oor netelige etiese kwessies – sal staan en val by dit wat die Bybel leer en sal sê: “Daar staan geskrywe ...” Die mens van vandag wil nie wollerige antwoorde hê nie, maar antwoorde wat lui: “Daar staan geskrywe ...”

Wanneer die duiwel met sy verleidinge op die mens toeslaan, skuif ons so maklik die Bybel eenkant toe. Ons gee maar toe en vergeet gerieflik dat ons as gelowiges 'n skynende lig in 'n donker wêreld moet wees.

Nee, Bybelse beginsels is daar om gehandhaaf te word. Ons Here Jesus is die uitnemende voorbeeld hiervan, want toe die duiwel Hom drie keer versoek het, was sy antwoord telkens dieselfde: “Daar staan geskrywe ...” en dan haal Hy die Skrif aan. Opvallend is dit dat Satan ook die Skrif aanhaal, maar hy misbruik dit om Jesus te versoek en nie om daaraan gehoorsaam te wees nie. Satan ken ons swakhede en buit dit uit deur ons te versoek. So het hy byvoorbeeld geweet dat Jesus vir 40 dae en nagte niks geëet het nie en baie honger was.

Drie dinge is belangrik: om die Skrif te ken, jou daarop te beroep en om daaraan gehoorsaam te wees. Hou vas aan die Woord alleen: “Daar staan geskrywe ...”

Sing: Skrifberyming 15-7:4

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)